Bybelstudie 4

Die Handelinge van die Apostels

Inleiding.

Soos ons in die verlede gesien het, is die naam van ’n boek in die Nuwe Testament nie noodwendig deur die skrywer daaraan toegeken nie.

Die Griekse naam vir Handelinge is: **ΠΡΑΞΕΙΣ ΑΠΟΣΤΟΛΩΝ** (*Prakseis Apostoloon*)

Dit beteken presies wat ons dit as ken: **Die Handelinge van die Apostels**.

Alhoewel dit nie ’n naam is wat deur die outeur gegee is nie, spoor ons die gebruik daarvan al van so vroeg as die tweede eeu na Christus op. Dit is egter nie ’n akkurate beskrywing van die inhoud van die boek nie.

Die Griekse woord “Praksis” hou iets in van ’n geskiedkundige “weergee” of “opgawe” van die dinge wat sekere belangrike mense gedoen het. Byvoorbeeld konings of militêre generaals se weldade. Ons kan dit amper vergelyk met Kronieke in die Ou Testament. Dit was ’n vorm van rekordhouding van hierdie belangrike individue se doen en late.

Die inhoud van Handelinge is egter nie so sterk gefokus op die akkuraatheid van die weergee van die geskiedenis soos wat deeglike geskiedkundige werke sou wees nie. Die kronologie is byvoorbeeld nie so akkuraat nie, so ook is die hoeveelheid detail of biografiese inligting wat aan sekere sake toegeskryf word te min om werklik geskiedkundig verreken te word.

Daarom, om die presiese omvang of doel van die boek te verstaan, is dit nodig om te verstaan wie die outeur is en wat sy doel daarmee was.

<u>Outeur:</u>

Handelinge is gelukkig een van die boeke in die Bybel wat dit nie te moeilik maak vir ons om te weet wie die outeur is nie.

Die inleidingswoorde gee dadelik vir ons sy identiteit: **Hand.1: 1 – 2**: “*My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af* [2]*tot op die dag van sy Hemelvaart.*”

So die outeur sê self vir ons dat hierdie nie sy eerste werk is nie, en die persoon aan wie hy hierdie werk adresseer gee vir ons sy identiteit weg. “***Teofilus***”.

Die evangelie van Lukas begin met hierdie selfde geadresseerde.

Luk.1: 1 – 4: “***Hooggeagte Teofilus****!*

Daar is baie wat onderneem het om ’n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. [2]Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. [3]Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. [4]So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”

Ons gaan nie te veel ingaan op die detail rondom Lukas as outeur van die evangelie van Lukas nie, maar so paar interessante feite kan genoem word, want ***Lukas-Handelinge*** is ’n twee-deel werk wat deur dieselfde outeur geskryf is. Dit volg letterlik op mekaar.

In die laaste verse van **Lukas** sê Jesus vir sy dissipels:

“*So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47]en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, **van Jerusalem af en verder**.’ [48]**Julle is getuies van hierdie dinge**. [49]**En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur**. **Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus** is.*

*[50]Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. [51]**Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.** [52]Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan. [53]Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.*”

Handelinge begin dan met sy inleiding soos volg:

“*My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af [2]tot op die dag van sy Hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. [3]Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. [4]Terwyl Hy ’n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “**Moenie van Jerusalem af weggaan nie**, **maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het**, soos julle van My gehoor het. [5]Johannes het wel met water gedoop, maar **julle sal binne ’n paar dae met die Heilige Gees gedoop word**.”*

[6]Toe hulle ’n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?”

*[7]Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. [8]**Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld**.”*

Hierdie laaste woorde: “***en julle sal my getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld*.” – word bestempel as Handelinge se **tema**.

Doel / tema:

’n Interessante sy-nota: Die naam ***Teofilus*** beteken letterlik geliefde/vriend van God. Daar was daarom al heelwat redenasies deur die geskiedenis gewees oor wie hierdie ***Teofilus*** werklik was. Is dit ’n fiktiewe benaming met ’n doel, of was dit ’n werklike persoon? Die slotsom van meeste redenasies is dat dit ’n werklike persoon was. Hierdie afleiding kom na vore in Lukas se byvoeging van “***Hooggeagte**...**Teofilus***” Dit was die aanvaarbare wyse waarop ’n persoon van status aangespreek was in briewe.

Teofilus was moontlik ’n bekeerde vanuit die heidendom na die Christendom. Moontlik iemand wat nog bietjie “*oortuiging*” nodig gehad het. Dit gee vir ons verdere aanduidings van die **doel** van die boek Handelinge.

Die oorkoepelende doel kan afgelei word uit die tema, “*Julle sal my getuies wees...*” tesame met hierdie “*oortuigings element*” wat saam met ***Teofilus*** kom.

Ons kan die “*oorkoepelende doel*” beskryf as: ’n teologies-geskiedkundige werk, met die oog daarop om gelowiges toe te lig aangaande die verspreiding van die eerste kerk en die optrede van die apostels en gelowiges daarin, asook met die oog daarop om ongelowiges te oortuig van die egtheid van die evangelie. As ons dit nog fyner wil reduseer: “***’n Beskrywing van die verspreiding van die evangelie oor die hele wêreld deur gehoorsame getuies.”***

Handelinge staan as “***oorbruggingsdokument***” tussen die evangelies en die briewe van Paulus. Daar is geen ander “werk/geskrif” in die Nuwe Testament wat dieselfde as Handelinge geklassifiseer kan word nie. Die boek dra dus hierdie unieke waarde by tot die Kanon.

Mens kan nou redeneer oor die “*hoekoms en waaroms*” in die skryf hiervan, maar ’n interessante ding om te verreken sal die idee wees dat Lukas ’n goeie vriend van Paulus was. Ons vind ’n hele paar interessante “ons” verhale in Handelinge. Die “ons” verwys na sendingreise was Lukas waarskynlik saam met Paulus onderneem het.

Bv.: **Handelinge 20**: “*[6]Na die fees van die ongesuurde brood het ons van Filippi af met ’n skip vertrek en vyf dae later by hulle in Troas aangekom. Daar het ons sewe dae gebly.*

[7]Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegespreek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou. [8]Daar was heelwat lampe in die bovertrek waar ons bymekaar was.”

Lukas was duidelik ’n oor en ooggetuie van sommige van die dinge wat Paulus gedoen het. Hy was nie ’n getuie van die dinge wat Jesus self gedoen het nie. Ons kan dit aflei uit sy inleiding tot sy evangelie. Daar noem hy self dat hy van bronne moes gebruik maak vir die skryf daarvan. In die geval van Handelinge sien ons wel dat hy minder staatgemaak het op eksterne bronne en meer op sy eie getuienis kon begin bou.

As ons dan deur al hierdie gegewens werk: Jesus se opdragte aan sy apostels; sy bemagtiging aan hulle deur die Heilige Gees en alles wat ons in Handelinge lees aangaande hulle doen en late, tesame met die oorkoepelende doel – bring dit ons by ’n meer akkurate of geldige benaming vir hierdie boek: “***Die handelinge van Jesus Christus, deur sy Heilige Gees bemagtigde apostels, in die eerste Christelike kerk.”*** – na my mening ’n meer beskrywende en akkurate titel vir hierdie besonderse stuk werk. Korter opgesom: “***Die handelinge van God deur sy Gees.***”

<u>Geadresseerdes en tyd:</u>

Deel van deeglike Skrifuitleg is om te verreken aan wie ’n betrokke Skrifgedeelte geadresseer was en wat hulle huidige omstandighede was in die tyd wat hulle dit ontvang het.

Ons het reeds verneem dat ***Teofilus***, aan wie hierdie werk by name geadresseer word, waarskynlik ’n bekeerling uit die heidendom was. Dit staan wel onomwonde vas dat Teofilus nie die enigste geadresseerde sou wees nie, aangesien die doel van hierdie boek meer as ’n persoonlike groete inhou.

As mens na ***Lukas*** self kyk, sien ons dat sy kennis van Palestina nie altyd ewe goed was nie. Die feit dat hy verder ook nie ’n besondere belang aan die wet toeskryf nie wys dat hy waarskynlik nie uit die Jodedom bekeer het nie, maar vanuit ’n heidense herkoms. Hy skryf in baie goeie Grieks, wat sy Griekse herkoms verklap, en sy inleiding in Lukas toon aan dat hy ’n opgevoede man was. Ons weet Lukas was ’n dokter.

Hieruit kan ons aflei dat Lukas hierdie werk gerig het tot beide bekeerdes sowel as on-bekeerdes, maar heel waarskynlik in beide gevalle met mense vanuit ’n nie-Joodse herkoms in gedagte. (Natuurlik sonder om Jode doelbewus hierby uit te sluit.)

Sonder om te veel in die detail in te gaan kan genoem word dat die waarskynlikste ontstaanstyd van Handelinge enige tyd tussen Paulus se gevangenskap in Rome en sy teregstelling moes wees. Nêrens word die vervolging van Nero of die verwoesting van Jerusalem vermeld nie wat beide tussen 64 en 70 n.C. was.

Die “relatiewe” goeie verhouding tussen die Romeine en die Jode in hierdie verhalende stof maak dit onwaarskynlik dat dit geskryf was na die groot vervolging in die tyd van Nere of die val van Jerusalem.

Lukas gebruik natuurlik Markus as een van die bronne vir sy evangelie, en Markus se ontstaanstyd word geraam tussen 60 en 65 n.C. Logies gesproke is Handelinge na Lukas geskryf, en daarom kan ons die afleiding maak dat Handelinge tussen ongeveer 65 en 70 n.C. geskryf was. Dit bly egter geleerde raaiskote.

Die kultuur-historiese omstandighede moet daarom afgelei word van die tyd waarin die werk ontvang is. Meer as dit sal spekulasie wees. Uit **2 Timoteus 4: 6 en 11** kan ons verder aflei dat Lukas by Paulus **in Rome** was toe hy gewerk het aan Handelinge.

“[6]*Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur.*

[11]*Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees.*”

<u>Samevatting en teologie:</u>

Handelinge begin met:

Jesus se laaste opdragte: 1) “*Wag vir die Heilige Gees (In Jerusalem)*”; 2) “*Versprei die evangelie oor die hele wêreld...*” – “***julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld***”

...en eindig dan met **Paulus in Rome**.



Die teologie in Handeling is ontsaglik ryk en sal ons ’n taamlike tyd besig kan hou. Die beste manier om dit te ontdek is om met die teks self te werk en bronne nader te trek vir verwysing. So kom ons gaan oor na Bybelstudie om enkele aspekte van Handelinge se teologie te ontdek.

Bybelstudie:

Kom ons ondersoek ’n interessante “fenomeen” wat ons in Handelinge vind.

Die Heilige Gees. Nie net die Heilige Gees as sulks nie, want die Heilige Gees is nie ’n fenomeen nie, maar ’n persoon, maar kom ons kyk na die uitstorting van die Heilige Gees.

Hoeveel keer was die Heilige Gees uitgestort?

In **Handelinge 2: 1 – 13** lees ons die baie bekende gedeelte oor die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van die Pinksterfees in Jerusalem.

In **Handelinge 4: 23 – 31** lees ons weer van ’n uitstorting van die Heilige Gees. Hierdie keer nadat Petrus voor die Joodse raad getuig het (Judea), en toe hy daarna die gebed van die gelowiges gebid het en die Here gevra het om vir hulle die vrymoedigheid te gee om sy Woord te verkondig.

Dan lees ons in **Handelinge 8: 12 – 17** hoe die Heilige Gees ’n derde keer uitgestort word nadat die gelowiges vervolg en uitmekaargejaag word. Die evangelie het so tot die mense in Samaria gekom.

In **Handelinge 10: 44 – 48** lees ons dan van ’n vierde keer dat die Heilige Gees uitgestort word. Hierdie keer aan mense wat nie-Jode is nie in Sesarea. Hier begin die “uithoeke van die aarde” ter sprake kom, want die evangelie is nie meer eksklusief vir Israel nie.

En Laastens lees ons in **Handelinge 19: 1 – 6** hoe die Heilige Gees nog ’n keer uitgestort word op mense wat nie-Jode is nie in Efese, aan wie Paulus die evangelie verkondig het.

Vrae vir denke:

- Hoekom was die Heilige Gees meer as een keer uitgestort?
- Is daar dan vandag nog plekke/mense waar die Heilige Gees nog nie uitgestort is nie?
- Wat leer Handelinge my oor God?
- Wat leer Handelinge my oor myself?
- Hoe spreek hierdie gedeelte my persoonlik aan?